

## INLEIDING.

---

§1. Een van die eerste gevolge wat die toenemende skrifte-like uiting van 'n taal bij 'n volk teweegbring is die ontwikkeling van sin en smaak vir 'n suiwer manier van uitdrukking, vir wat mooi is in klank en beeld, vir vormskoonheid. Onder invloed van die skryftekens leer die leser ag gee op die woord, op die beeld wat anders so onopgemerk in die gang van die gesprek verbijglop. Hij leer meer objektief staan teenoor taalvorm en taalinhoud; hij leer onderskei tussen mooi en lelik, tussen waardevol en onbeduidend; hij word *taalbewus*. Die taal is nie meer net middel van uitdrukking nie, maar word voorwerp van sijn beskouing. Uit hierdie taalbewustheid groei 'n waardegevoel wat onder gunstige omstandighede tot sijn esthetiese skakeringe in staat is. Als hij ander hoor praat dan is dit nie meer net die gedagte wat uitgedruk word wat sijn aandag trek nie, maar ook die manier waarop dit gedaan word. Is die vorm onsuiver, slordig, is daar onnodige vreemde elemente in, dan krij hij 'n onaangename gevoel. Word die gedagte daarenteë uitgedruk deur raak, mooi gekose woorde, dan wek dit 'n aangename gevoel op. So 'n waardegevoel word gekweek en ontwikkel deur inspanning en studie. Die Nederlandse taal het vir ons vanself so 'n esthetiese waarde omdat ons tijd en moeite besteë het om enigssins daarmee vertrouwd te raak. Dieselfde geld van die Engelse taal. Als ons dit gebruik, probeer ons dit so korrek en suiwer moontlik doen, ook omdat dit kragtens sijn wêreldverbreidheid en invloed ons eerbied afdwing. Vandaar dat meer als een Afrikaner 'n slapelose nag sal deurbring omdat hij in geselskap 'n Engelse woord verkeerd uitgespreek of 'n verkeerde idioom gebruik het, terwyl hij nog nooit gemerk het dat hij sijn eie taal op 'n jammerlike wyse verknoei nie. Hoewel gebore uit eerbied vir tradisie kan 'n mens dieselfde waardegevoel vir Nederlands opmerk bij die persoon wat 'n uiters gebrekkige kennis van Nederlands het maar die taal van die dominee *tog so pragtig* vind. Die autoriteit wat Nederlands meebring als taal van Babel en

kerk het noodwendig hierdie waardegevoel geskep. Daarteenoor is Afrikaans vir baie nog 'n kombuistaal en weens onkunde omtrent die wese van taal, het dit vir hulle ook geen grammatika of reëls nie. Vandaar dat hulle so onsuiwer praat, vandaar soveel geestelike sordigheid bij mense wat anders so op uiterlike vorm gesteld is; want suiwer praat is 'n gevolg van suiwer denk en omgekeerd. Maar so gouw so 'n veronagsaamde taal geskrywe en op skool geleer word, soos die geval vandag is met ons volkstaal, dan verander die insigte, dan ontstaan smaak en sin vir skoonheid en voordele wat tot so ver nie raak gesien was nie.

Maar wie kan ontken dat daar 'n groot skaar van minder of meer opgevoede Afrikaners is vandag bij wie hierdie esthetiese sin vir hulle moedertaal aanwesig is? Hulle besit die vreugde aan die mooi gekose Afrikaanse woord, aan die veelseggende beeld. Hulle het geleer om die uitdrukkinge van die taal te ontleed, om te vra hoe hulle ontstaan is en so die tipies Afrikaanse daarvan te waardeer als iets vir en van hulself, en so die erfstuk van die voorgeslag in der waarheid te besit. Wie so ver gekom is, is taalbewus. Als hij 'n uitdrukking als *nouwe strop trek* hoor, dan voel hij dat dit gegroei is uit ons ossewa-boerbedrijf. Die uitdrukking het vir hom veel meer waarde als vir 'n ander wat die beeld nie ontleed of navoel nie. Vir hom maak die onnodige vreemde woord seer. Hij streeft daarna sijn taal so suiwer moontlik te hou. Dis verblijdend om op te merk hoedat honderde vandag in die middel van 'n sin vassteek en soek na 'n inheemse uitdrukking waar die vreemde hulle op die tong lê. Dis 'n uitwerking van die bewustheid en strewing om die moedertaal suiwer te gebruik; dis die gevolg van 'n opkomende waardegevoel. En daarom het die vaststelling van ons spelling deur die S.A. Akademie en die daaruit voortvloeiende uitgawe van 'n woordelijs so 'n groot betekenis. Dit is die noodwendige stap tot die skriftelike gebruik van ons taal deur alle Afrikaners, wat, hoe verskillend hulle eie plaselike uitspraak en taalvorme ook mag wees, nou 'n betreklike eenheidsmiddel vir uitdrukking van gedagte gekrij het.

### Faktore bij die vorming van 'n skriftaal.

§2. Hiermee is 'n belangrike saak aangeroe, namliek die kwessie van die vorming en opbouwing van 'n

*skrifftaal*. Nie alleen omdat ons vandag ten opsigte van Afrikaans als skrifftaal in die teken van so 'n vorming en opbouwing staan nie, maar ook om suiwer opvoedkundige redes is dit wenselik en is dit hier die plek om 'n paar grondligende te trek in verband met taalontwikkeling in die algemeen en ons eie taaltoestande in die besonder.

Twee grondoorsake gee die geboorte aan 'n skrifftaal: (1) *die behoefte aan 'n algemeengeldige en algemeenverstaanbare uitdrukkingsmiddel*; (2) *nasionale selfbewussyn*.

§3. Die eerste faktor speel 'n geringer rol in Afrikaans als die geskiedenis van Europese skrifftale ons laat sien. Toen in Europese lande met 'n groot aantal nuwverwante maar tog merkbaar van mekaar afwijkende tongvalle die behoefte aan skriftelike uiting in die volkstaal gevoel werd, het elke skrywer in die begin sijn eie strek- of stadspraak geskrywe. Vandaar dat die oudste letterkundige vooftrengsels in Engeland, Holland, Frankrijk, Duitsland ens. dialektiese letterkunde is. Maar 'n geskrewe taal wat om sijn lokale eienaardighede en afwijkinge nie verder invloed uitoefen als die grense van die gebied waarin hij maklik verstaanbaar is nie, deug nie als uitdrukkingsmiddel vir 'n skrywer wat met sijn hele volk wil praat nie, met die bewoners van al die geweste wat saam 'n groter volksaenheid uitmaak. Bewus word nou 'n algemeengeldige skrifftaal nagestreef wat berus op 'n tongval of 'n groep van tongvalle wat sentraal geleë is of wat kragtens sijn of hulle meerderheid in beskawing die toon vir al die ander kan aangee. (1) So het die spreektaal van die provinsie Holland en van Amsterdam, Rotterdam, Den Haag meer besonder, die grondstof gelewer vir die Nederlandse skrifftaal. Invloedrijke skrywers en eindelijk die Staat met sijn offisiële sanksie heur dan so 'n wordende skrifftaal boontoe sodat dit standaard word vir die hele land. Die skrifftaal word dan op skool onderwys en kunsmatig aangeleer om ook als omgangstaal te dien. So ontstaan 'n nuwe kunsmatige spreektaal wat aan die skrifftaal aangepas word en wat, uitgaande

---

1) Hier word natuurlik buiten beskouwing gelaat partikuliere gevalle soos b.v. die skrifftaal van Norweë wat nie op 'n Noorweegse dialekt of dialekte berus nie, maar wat, afgesien van lokale kleur, dieselfde is als die skrifftaal van Denemarke.

van die bes opgevoede stande, bij steeds groter bevolkingsklasse ingang vind, heeltemaal of gedeeltelik, en in menigte skakeringe voortontwikkel na gelang van stand, opvoeding of ekonomiese toestande. Intussen blij die verskillende dialekte nog voortbestaan, en in hulsuiwerste vorm op die platteland waar die invloede van die groot beskawingsentra minder voelbaar is. Dat hul bestaansgebied eeter langamerhand inkrimp bij toenemende beskawing en uitbreiding van onderwijs is duidelik.

Vir wie uit 'n dialeksprekende omgewing stam is die beskaafde spreektaal iets aangeleerds, iets kunsmatigs wat hij later gedeeltelik of heeltemaal verloor, of in 'n nuwe omgewing vergoed als sijn daaglikse omgangstaal aanvaar. Wie uit 'n omgewing stam waar die beskaafde spreektaal standaard is, ken dit als sijn eie; vir hom is dit iets natuurliks. Dit is dus 'n langsame en omslagtige proses wat eers die verwesenliking van 'n standaardtaal bewerk het, van 'n eenvormigheid (betrekiik gesproke) wat vir die hele volk geld.

Waar ons vandag 'n Afrikaanse skryftaal opbouw is ons in 'n veel gunstiger posiesie. Sonder om in te gaan op 'n beskouing van die moontlike oorsake wat daarvoor aansprakelik is, kan ons als 'n gelukkige feit vasstel, dat Afrikaans met 'n merkwaardige eenvormigheid deur alle Hollandssprekende Afrikaners gepraat word. Daar is wel genoegsame bewijs vir gewestelike afwijkinge, en als die prysvraag wat die S. A. Akademie vanjaar uitgeskrywe het oor dialektiese verskille in Afrikaans bevredigend beantwoord word, sal baing seker verwonderd wees oor die aantal en omvang van sodanige verskille. Maar van Afrikaanse dialekte in die gangbare betekenis van die uitdrukking sal niemand met erns kan praat nie. Tussen die taal van 'n inwoner van Soutpansberg en die van 'n Kaapstadse ingesetene sal merkbare verskille wees in uitspraak, woordeskat en selfs in idioom, maar niemand sal beweert dat hulle nie dieselfde taal praat nie. Verskille in taal kom trouwens altijd voor, tussen individue selfs, tussen verskillende famielies, laat staan tussen verskillende streke. Terwijl verskille onvermijdelik is, mag ons onself gelukkig ag dat in so 'n uitgestrekte gebied a's dié waarin ons taal gepraat word, (en daarbij 'n gebied met erg gebrekkige verkeersmiddele, om van vroeër dae nie te praat nie), Afrikaans sijn eenheid bewaar het. En hierbij kom nog verskil in taal als gevolg van verskil in opvoeding en ontwikkeling. Daar is bijvoorbeeld 'n groot onderskeid

tussen die taal van die goed opgevoede man (onderwyser, prokureur) en die van die onontwikkelde persoon van dieselfde dorp wat vlak oorkant die straat woon. Laasgenoemde se taalvoorraad is beperk omdat sijn gedagtekring beperk is; hij het alleen woorde vir die dinge waar sijn gedagte daagliks mee besig is; ook bestee hij weinig sorg aan die manier waarop hij hom uitdruk, sijn sinsbouw is gebrekkig. Daarenteë is die woordeskaf van die eersgenoemde so veel groter omdat sijn gedagte-wêreld so veel uitgebreider is; daar is meer netheid en afgerondheid in sijn sinne, hulle is meer of min gestifiseerd. En tog gebruik altwee dieselfde taalvorm; praat altwee in ooreenstemming met die reëls wat die gebruik van die Afrikaanse taal beheers. Met inagneming van die voorafgaande opmerkinge mag ons dus sê dat ons 'n *beskaafde Afrikaanse eenheidspreektaal besit*.

Die polemiek teen Afrikaans wat herhaaldelik ons volkstaal op een lijn gestel het met Nederlandse dialekte in hul verhouding tot die Nederlandse skryftaal, om daarmee te kenne te gee dat ons in Suidafrika Nederlands als ons standaard-skryftaal moet behou net soos dialekspreekende elders doen, was onjuis en onwetenskaplik; so'n redenering kan alleen krag hê bij die wat onkundig is omtrent die elementairste begrippe van taalontwikkeling.

Die kwessie of die taal van Pretoria of van Stellenbosch of van watter geweste ook als basis vir die skryftaal moet dien, kan bij ons glad nie bestaan nie. Eenvoudig deur die skriftelike gebruik van beskaafde Afrikaans in alle moontlike verhoudinge van die privaat en openbare lewe sal ons 'n toestand skep wat baie gunstig afsteek bij die van ander lande. Die afstand tussen skrywe en praat sal so klein moontlik wees, die kans vir onbepaalde geestelike ontwikkeling oneindig groter.

Voordat die geroep om Afrikaans te skrywe begin het, het elkeen Nederlands geskrywe, so goed of gebrekkig als hij kon. Die voorstanders van Afrikaans kon dus nie beweer dat daar nie 'n algemeenverstaanbare skryfstandaard was nie. In hoeverre 'n mens kon en kan twyfel aan die algemeenverstaanbaarheid van Nederlands laat ons daar. 1) Ons het ons in elk geval daarmee be-

1) Die manne van die Patriot-beweging het egter met reg volgehou dat die volk doofstom was weëns onkunde aangaande Nederlands.

he'p. Maar wat die voorstanders van Afrikaans besef het was dat Nederlands nooit die taal van ons hart, van ons gemoed kon word—nooit die draer van 'n eie kunst kon wees nie. Die gedagtes en beelde wat daar op die bodem van die siel groei word kleurloos sodra hulle die vreemde pak klere aantrek. Hul moet daaruit opborrel in die bont uitwendigheid wat aan hul eie is, met die gloed en kleur wat diep lewensdrang meegee bij hul heimelelike geboorte. Vandaar dat jij die letterkundige kunstwerke wat deur Afrikaners in Nederlands voortgebring is onder jouw een arm kan dra, en dan sal daar nog plek wees vir meer. Hoofddrijfveer was dus die drang na 'n eie, selfstandige beskawing en die daaruit voortvloeiende vrees vir ondergang in 'n ongelijke stryd met die magtige Engelse taal—'n stryd wat hopeloos verlore sou wees met 'n vir die Afrikaner so ondienlike wapen als Nederlands. Hiermee is ons gekom by die tweede faktor wat die ontstaan van 'n skryftaal bevoordel.

§4. Die drang na 'n selfstandige nasionale lewe het altoos hand aan hand gewerk met die behoefte aan 'n algemeenverstaanbare, skriftelike taaluiting. Die skepping van 'n skryftaal is, meer of minder bewus, een van die voornaamste vorme waarin 'n volk sijn eie individualiteit, sijn eie beskawing wil opbouw. In 'n land soos Suidafrika waar 'n ouer beskawing 'n jongere met ondergang bedreig sal hierdie nasionale drijfveer altijd baing sterk op die voorgrond kom. Dit is daarom dat die Afrikaanse Taalbeweging so verbasend vinnig gegroei het na die Boer-Britse oorlog. Toen eers het die Afrikaner 'n besef begin krij van 'n nouwer nasieverband—'n Afrikaanse nasie met 'n uitgesproke individualiteit—en uit die bewustheid is ons skryftaal met krag ontwikkel.

So moet ons taal op velerlei gebied middel wees om 'n eie beskawing te verwesenlik—die taal van ons letterkunde, van ons wetenskap, van ons ekonomiese en private lewe, van ons godsdienst. Daarom wék dit geen verwondering dat invloedrijke manne ernstig streef om ons taal op die kansel, in die Bijbel, in die openbare gebed 'n ereplek te besore nie, sodat die Afrikaner ook daar waar Nederlands vasste gewortel is, sijn eie lewe kan voel, sijn eie lug kan inadern.

Sedert 1861 maar meer bepaald sedert 1875 word Afrikaans geskrywe. Maar gemis aan 'n eenvormige spelling het baing lang sijn pad belemmer. Spelling het

natuurlik met die werklike lewe van 'n taal niks te doen nie. Maar daar die massa nie kan onderskei tussen klank en letterteken nie word dit 'n absolute vereiste dat 'n woord altijd met dieselfde lettertekens voorgestel word. Dit is die eerste noodsaaklike stap tot bereiking van 'n standaard-skriftaal. Met die stap is ons nog nie heeltemaal klaar nie. Dit gebeur eers als die spelling wat die S. A. Akademie in sijn "Spelreëls" en "Woordelijs" voorstel prakties erken word. 1) Tog het ons intussen ernstig gebou aan so 'n standaardtaal—ons toonaangewende skrywers, tydskrifte en koerante. Die goeie skrywer sal altijd gesag uitoefen. Maar wat is dan eindelijk sijn gids, watter maatstaf het hij om op te gaan, die goeie skrywer wat vir die massa leer hoe om korrek te skrywe? Hierop is net een antwoord moontlik: die beskaafde taalgebruik wat hij tot sijn eie gemaak en met sijn individuele gevoel en smaak tot kunsmiddel veredel en verrijn het. Die beskaafde taalgebruik d.w.s. die vorm van uitdrukking wat die groot meerderheid gebruik, is die hoogste en enigste wetgewer op gebied van die taal. Bij dié wetgewer wat eintlik niks anders is als 'n vorm van die mode nie, moet almaal skoolgaan wat die taal grondig wil ken en korrek wil gebruik: die redenaar, die skrywer, die grammaticus. En die deugdelikheid van die reëls wat die grammaticus opstel en waarna met soveel dikwels misplaaste eerbied opgesien word, hang af van die getroutheid waarmee hij die aanwending van die beskaafde spreektaal opgemerk het. Nou spreek dit vanself dat wie die vorme van beskawing wil ken bij dié sal aanklop wat op goeie sedes en beskawing gesteld is. En daar een persoon tog maar met 'n uiters beperkte aantal individue kan omgaan sal die taal wat hij als maatstaf neem in hoofsaak berus op die taal van 'n beperkte kring van mense en in laaste instansie op sijn eie. Vir die Afrikaner lê hierin 'n mate van gevaar omdat die ontwikkelde Afrikaners heelwat eienaardighede van Nederlands in hul omgangstaal opgeneem het; maar hieroor later. Bij die vorming van ons skriftaal sal ons derhalwe die algemeen erkende, beskaafde taalgebruik als basis moet neem. Dit wil nie sê

---

1) 'n Eenheidspelling in absolute sin van 'n lewende taal word nooit bereik nie soos die orthografie van gevestigde skriftale bewijs (vgl. Engels, Nederlands, Duits.).

dat spreekwijses wat aan 'n deel van die land eie is, nie mag gebruik word nie. Inteendeel sou ons standaardtaal daardeur verrijk word. 'n Uitdrukking als *iemand is in die bak* vir te laat, in die moilikhed, wat in die Boland bekend is, sou langs die weg algemeen Afrikaans kan word. Ewesom *iemand tromb-op ja* vir vas teenaan ja, wat meer eiendom van die binnelande is. Anders is dit met woordvorme gesteld, met die eintlike grammatika. Als daar mense is in die omstreke van Bloemfontein wat sê: *ons het gister daar ge-is* in plaas van *ons het gister daar gewees*, dan is die afwijking vir dié wat so praat nie alleen logies geregvaardig nie, maar vir die taalkundige ook 'n verklaarbare en interessante verskijsel. Maar dit sou dwaas wees om naas ons algemene *gewees* so 'n afwijkende en weens sijn beperktheid, onbeskaafde *ge-is* in die skriftaal in te voer.

Dit is die beginsel waarop 'n skriftaal berus en sijn enigste reg van bestaan ontleen hij aan die aanstandigheid, dat hij 'n algemeenverstaanbare standaardvorm van taaluiting is.

### SKRIJF- EN SPREEKTAAL.

§6. Trots die voorafgaande blij daar altijd 'n merkbare verskil tussen die skrifstandaard en die spreektaal bestaan. Dit is in hoofsaak te wijte aan die verskil in aard tussen die twee maniere van uitdrukking; tussen skrijwe en praat. Laasgenoemde is 'n meer spontane manier van uitdrukking; bij feitelik alle mense is die uitdrukking in die gewone gesprek onbewus. Eersgenoemde is 'n bewuste, meer of minder deurdagte en beredeneerde gedagteuiting waarbij 'n mens jou verder van 'n seker vasgestelde vorm bedien. Daar is 'n afgerondheid en kunstelike skikking in wat aan die gewone gesprek ontbreek. Bedenk 'n mens daarbij dat die gedrukte lettertekens nie in staat is om die nadruk en die eienaardige toon van die spreker weer te gee nie, dan is die verskil opvallend. Die skriftaal is en sal altijd blij 'n kunsvoortbrengse; die spreektaal natuurlike taaluiting. 1)

---

1) Hier is hoofsaakelik sprake van die taal van die daaglikse gesprek; die redenaar, die publieke spreker bestee in die reël sorg aan die vorm van sijn taal.

Ons skryftaal sal egter, om voornoemde redes, baie min verskil van die spreektaal van beskaafde mense, en sal mettertyd oorsaak wees dat by die opgevoede stand 'n styl van praat ontwikkel wat baie skerp sal afsteek by die taal van minderontwikkelde als vandag die geval is. Het die skryftaal 'n groot invloed op die spreektaal, die omgekeerde is nog veel meer die geval. Dis die omgangstaal met sy beweglikheid wat die lewenskrag besit, die lewende adem wat gedurig aan die gevestigde vorm van die skryftaal ingeblaas moet word om hom te vrijwaar teen verstening; die bron waaruit hij moet put nuwe woorde en wendinge en skakeringe, nuwe warm bloed om die ou are vinniger te laat vloei. Die taal als produk van die lewe en in meer besonder sin van die geestelike lewe van die mens, kan nooit stilstaan nie, net so min als daardie lewe self kan stilstaan. En net soveel individue daar is, elkeen met sy verskillend bewerktuigde geestelike gesteldheid, net soveel geleentheid is daar vir die taal om te verander. Die veranderinge vind onopgemerk elke dag plaas in die vorm van klein verskuiwinge totdat 'n mens hul op 'n goeie dag merk: veranderinge in uitspraak, in woordbetekenis, in woordeskat en spreekwijze, in taalvorme; 'n nuwe betekenis van 'n woord kom op en raak meer en meer verbreed oor die taalgebied, 'n nuwe woord raak in die mode naas die oue en neem naderhand sy plek in, ens. Daarom moet die skryftaal gedurig in ooreenstemming gebring word met die spreektaal, wat in ons geval soveel gemakliker sal wees omdat die twee standarde feitelik een en dieselfde is.

### VOORDELE EN GEVARE.

§7. Die gunstige posisie waarin ons sal verkeer wanneer Afrikaans als skryftaal algemeen erkend is in ons land, is reeds aangetoon. Wat 'n weelde sal dit nie wees vir ons kinders op skool nie! Te voel dieselfde warm atmosfeer in die skoolkamer wat hulle thuis mag geniet! Met die onderwijs van Afrikaans op skool sal die verband tussen skool en ouderlike huis, wat 'n noodsaaklike vereiste is vir die opvoeding, ingestel wees. Die opkomende geslag sal om die rede alleen veel selfstandiger kan staan teenoor 'n vreemde beskawing en ten minste opvoedkundig op gelijke voet met Engelsspreekende wees

vir wie daardie verband altoos bestaan het. Dit is 'n praktiese gesigspunt.

Maar wat die opbouwing van ons skryftaal betref het ons seker 'n belangrike voordeel daarin dat bij 'n tekort aan woordeskat vrij gebruik mag gemaak word van die Nederlandse taalvoorraad. So gouw 'n taal geroep word om aan hoër en ander eise te voldoen als die van die gewone verkeer, ontstaan die behoefte aan woorde wat nodig is vir die nuwe lewensvoorwaardes. Tot nog toe het die gros van Afrikaners hulle bedien van Engelse terme bij gedagtewisseling op gebied van wetenskap en kuns omdat hulle opvoeding Engels was. Maar als ons skryftaal die draer moet word van ons beskawing dan sal die middele, die woorde geskep moet word, waarmee hij uiting kan gee aan alle moontlike gedagtes op gebied van wetenskap, kuns en ekonomiese lewe. En in soverre die woorde nie uit eie taalskat kan gevorm word nie sal Nederlands als stamtaal tot ons beskikking staan. Dis hier waar die skryftaal leiding moet gee en, in besonder sin, 'n opvoedkundige roeping moet vervul.

§8. Teenoor die voordele is daar egter *gevaare* waarteen gewaak moet word.

Daar is in die eerste plaas die invloed van Engels. Die ontsiering van Afrikaans deur Engelse woorde wat sedert tientalle jare aan die gang is, sal deur behoorlike onderwys en skrywe van ons taal langsaamhand verwijder word. Dit is nog nie so 'n groot gevaar nie. Want waar 'n taal alleen vreemde woorde oorneem, en daorbij nog woorde waarvoor goeie inheemse bestaan, kan hij eintlik nie veel skade lij nie. Daarvoor is Engels self 'n goeie voorbeeld. Ernstiger is die indringing van die Engelse idioom want dit raak die kern van ons taallewe aan. Daar sal moet gewaak word dat ons Afrikaans *suiwer skrywe*, dat die vreemde idioom wat so listig inkruip, vermij word. Hier sal veel opmerkzaamheid toe nodig wees; skrywers sal hul werk baie sorgvuldig moet toets. Taalsuiwering is 'n belangrike taak wat ons wag. Maar daorbij mag ons nie tot 'n ander uiterste verval nie. Waar die vreemde woord eenmaal ingeburger is, het dit reeds bestaansreg. Waar ons die vreemde woord maklik kan vervang met 'n inheemse is dit wenselik. Daarentoe sou dit taktloos wees om lomp vertalinge op te dring aan die publiek. Ons sal baat vind bij 'n studie van puristiese beweginge in ander lande.

Ook van die kant van Nederlands dreig 'n gevaar. Ons weet hoe moeilik dit is vir 'n openbare spreker wat gewoon geraak het aan sijn soort Nederlands om 'n Afrikaanse aanspraak te lewer. Hij verval onbewus in Nederlandse vorm. Dit geld ook van skrywe. En omdat die twee taalvorme so na verwant is, moet ons tot besonder versigtigheid maan. Dat 'n woord hier en daar met 'n afwijkende Nederlandse betekenis gebruik word, kan so 'n groot sonde nie wees nie. Maar die aanwending van 'n vreemde idioom in plaas van 'n goeie Afrikaanse is sterk af te keur. Als ons bedenk dat in die omgangstaal van baing opgevoede Afrikaners suiwer Nederlandse wendinge vasgegroeï het dan is dit bezrijpelijk dat dit 'n mate van inspanning kos om bij die skrywe daarvan los te raak. En ons moet daarvan loskom om ons taal op te bouw uit sijn eie krag, met sijn eie hulpmiddele. Hoeveel woorde ons ook al oorneem, die idioom en vorm moet suiwer Afrikaans blij.

§9. 'n Derde gevaar om teen te waak is *te dogmaties optree bij die vasstelling van wat korrekte Afrikaans is*. Laat ons ons skryftaal nie aan bande lê en so vaste grense afbaken waarbuite geen skrywer mag gaan sonder om hom te besondig aan seker wette en reels wat feilbare mense opgestel het nie. Geen grammatika is volledig of afdoende nie en slaafse navolging van willekeurige wette lei tot stijfheid en onnatuurlikheid, die grootste gevaar van almaal bij die vorming van 'n skryftaal. Dit het die taalgeskiedenis van ander volke al te duidelik bewijs; en als gevolg daarvan het gekom reaksies in moderne tije onder invloed van 'n sterker en kleurrijker individualisme.

Laat ons standaardvorm wees 'n plooibare begrip, die vasgestelde lijne nie skerpkantige tronkmure nie maar sag soos die lijne van ons vlakke-horison. Laat ons nastreef 'n stijl wat die kenmerke dra van ons Afrikaanse lewe en omgewing: eenvoud, helderheid, kleur, warmte. Laat die sinsbouw vrij wees van ge-naaktheid en ingewikkeldheid wat 'n mens se voorhoof laat rimpe's trek omdat jij die verband van die woorde alleen onder inspanning kan snap of glad nie. Bouw die volsinne so dat hul'e uitmunt in sierlikheid en eenvoud en deursigtigheid; deel hulle die kleur en gloed mee wat jij, skrywer, in jouw voorste.linge ondervind. Versmaad geen bouwsteen nie, solang hij maar eg is. Laat die skryftaal gedra word deur die krag wat vloei uit die lewende omgangstaal. Vir die bouwer

aan ons taal, die skrywer, sou 'n mens wil sê : Gaan jouw gang onbekommerd, wees gehoorsaam alleen aan die innerlike drang wat die vorm skep waarin jouw eie wese geopenbaar word; volg selfs die beste stijl nie na nie, tensij navolging beteken deurdringing van die gekose model met eie wesenstrekke, wat dan geen navolging meer sal wees nie. So sal ons vorm die Afrikaanse skryftaal van die toekoms, die draer van ons kultuur, die beeld van ons volksiel !

---

## SPELLING.

---

§10. Trots „Spelreëls” en „Woordelijs” het die laaste woord oor hierdie moeilike kwessie nog nie geval nie. En dat die sisteem wat ons nou het in die toekoms wijsiginge sal ondergaan is vooruit te sien. Alleen, dit is ons dure plig om ons intussen aan die gemaakte ooreenkoms te hou. Toeligtende en aanvullende opmerkinge in verband met die sisteem lijk nodig.

In die inleiding tot die „Spelreëls” is korteliks aangegee die grondslag waarop ons spelling berus: ’n vergelyk tussen die beskaafde uitspraak en die geskiedenis, dus tussen die fonetiese en historiese manier van spelle, en daarby bepaal die V.H.S. (Vereenvoudigde Hollandse Spelling) soseer die rigting dat daarvan aileen afgewijk word als die algemene Afrikaanse uitspraak dit wettig en eis. Dit is in die teenswoordige tijd die enigste verstandige houding. Want ons lewe in ’n oorgangstijd waarin die verband met die Nederlandse taal ons baie werd, nee onmisbaar is. Die uitwendige vorm van die Afrikaanse kunswerk moet so wees dat hij met plesier kan gaan kuier in Nederland en Vlaandere, en omgekeerd moet die kunswerk van daardie lande ’n aangename verblijf onder ons hê, sodat die kultuurverband tussen die Hollandssprekende wêrelddele sterk kan word. En die rol wat spelling hierbij speel is baie groot. Maar die aanpassing van ons spelling aan die van die V.H.S. is veel meer uit ’n prakties-opvoedkundige noodsaaklikheid gebore. Daar die oog van die Afrikaner eenmaal gewend is aan die Nederlandse speelsisteem, sou geen spelling bij ons ingang vind wat nie daarmee rekening hou nie. Maar hier lê juis die moeilikheid: die graad van aanpassing. Waar moet die lijn getrek word? Om die lijn aan te gee in algemene bewoordinge is maklik genoeg, om hom in elke besonder geval op te los is geen kleinigheid nie. Ndl. *baviaan* is tamelik verskillend van Afr. *bobejaan* wat die algemene uitspraak weergee. Moet ’n mens jou in hierdie geval net bepaal bij die Afr. uitspraak of ook die vorm *bobiaan* toelaat wat die oog maklik met *baviaan*

kan verbind en buitendien als afbeelding van die Afr. uitspraak nabij die kerf kom? Bestaan vir 'n Afrikaanse woord geen Nederlandse ekwivalent nie of is die Nederlandse woord hier onbekend, dan kan ons net rekening hou met ons uitspraak, b.v.: *kremenaadjie*, *pikewijn*, *likewaan*, *ramkie*. En selfs hier moet inaggeneem word grade van meer of minder bekendheid. Dergelijke en ander moilikhede (soos verskil in uitspraak) belemmer die pad van wie ons spellingvraagstuk wil oplos. Die oplossing kan alleen die toekomstige skryfgebruik vir ons gee. En sijn oplossing sal finaal wees.

§ II. Om die verband tussen die woorde te bewaar skrywe ons *hand-hande*, terwyl die enkv. volgens uitspraak *hant* moes wees. Om dieselfde rede dus ook *rat-ratte*. Die mv. *ratte* eis 'n enkv. *rat*, terwyl Ndl. hier *rad* het. Waar 'n vergelyk dus onmoontlik is, soos hier, moet die suiwer Afrikaanse uitspraak die beslissing gee. Maar iedereen wat sijn lewe lang gewend was aan *rad*, sal die spelling *rat* in die begin, weens sijn ongewoonheid, hinderlik vind. Terwille van eenvormigheid dus *paadjie* (verkleining van *pad*) met *dj*, maar *gaatjie* (verkleining van *gat*) met *tj*. Daarom *historicus*, *musicus* in die enkv. met *c* waar 'n mens geneig sou wees om 'n *k* te skrywe terwille van die uitspraak. Maar die mv. laat *s* hoor, en daarc die klank *k* sowel als die klank *s* verteenwoordig, is dit die mees praktiese oplossing om *c* deurgaans te behou.

'n Beginsel wat elke aanneemlike spelsisteem behoort toe te pas, is om dieselfde woord of woordelement altijd op dieselfde manier te skrywe, onverskillig of dit als enkelwoord verskijn of in samestellinge en afleidinge. So'n beginsel, hoewel dit in botsing kom met die uitspraak, bewaar die eenheidsbeeld van 'n woordgroep en vermij 'n anders lastige verskeidenheid. Ons skrywe dus *kompliment* (iemand 'n — maak) en *komplimente* (groete) weens *komplimenteer* wat meer geleerd is en waarin met die afleiding rekening gehou word. Verder *present* (geskenk) trots die uitspraak *bersent* weens *presenteer*, *presentabel*; *belangrijk* weens *woorderijk* en ander samestellinge met *-rijk*. Die voorsetsel *van* behou daarom sijn skrifbeeld in samestellinge als *vanjaar*, *vanmore*, *van-aand*, *vanmiddag*. *vanesse*, hoewel in plaas van *an* (a)

1) Daarom en *darem* word als aparte woorde beskou.

meestal 'n toonlose *e* gehoor word. 'n Ander mooi voorbeeld is dit uitspraak *-geid* vir die agtervoegsel *-heid* wat bij 'n groot aantal Afrikaners reël is (b.v. *slimgeid*, *suurgeid*, *natgeid*, *blijgeid*, ens.). Nou sou dit dwaasheid wees om *-geid* te gaan skrywe waar hij gehoor word en skielik weer *-heid* waar hij voorkom in reekse van enigssins geleerde woorde (*noodsaaklikheid*, *belangrikheid*, ens.) of waar hij natuurlik sou staan soos na *g* b.v. in *klarigheid*, *nattigheid*, *moegheid*, ens. Die spelling hou hier konsekwent vas aan *-heid* om die eenheidsbeeld te bewaar nietteenstaande 'n afwijkende uitspraak.

§12. Spelreël no. 4 sê dat 'n klinker in 'n ope lettergreep enkel geskrywe word: *bure*, *gate*. Bij verkleinwoorde word hiervan in ettelike gevalle afgewijk. In *paadjie* (van *pad*), *bootjie* (van *boot*), *vaatjie* (van *vat*), ens. word *a*, *o* dubbel geskrywe, hoewel *dj*, *tj* maar een klank voorstel en die bewuste klinkers dus hier in ope lettergrepe staan. Maar dit is onvermijdelik omdat dergelijke woorde met enkel klinker sou verwarring stig; *bootjie* met een *o* sou verwar word met *botjie* (van *pot*), terwijl *paadjie* en *vaatjie* met een *a* verkeerd sou uitgespreek word.

Terwyl ons hier besig is met verkleinwoorde, is dit wenselik om die een en ander te sê oor die weergawe van die verkleiningsuitgang, 'n punt waaroor baie struikel wat Afrikaans wil skrywe. In die verlede was daar twee spellinge b.v. : *liedjie* en *liedekie*, *stemmetjie* en *stemmekie*, *tafeltjie* en *tafelkie*, ens. Die vraag of na seker medeklinkers *-tjie* (*-djie*) of *-kie* moet geskrywe word, is beslis ten gunste van eersgenoemde, kijk Spelreël 27. 1) En dit is 'n besissing waarbij alle binnelanders wat *-kie* sê, hulle met vrijmoedigheid kan neerlê. Want ten eerste sou die erkenning van so'n veelvuldig gebruikte, dubbele formasie die eenvormigheid van ons spelling in die weg staan, en ten tweede sou die konsekwente weergawe van *-kie* tot verwarring lei. Hoe sou ons b.v. die verkleining van *bit* met 'n agtervoegsel *-kie* skrywe en getrouw blij aan die uitspraak, sonder om dit te verwar met *bikkie* (klein *bik*)? Die skryfwijse *bitjie* hou daarentoe die verband met *bit* en verteenwoordig boënop nog die uitspraak van 'n groot aantal Afrikaners.

1) In die „Woordelijs” staan naas *bietjie* die vorm *biekie* tussen hakies.

Weëns die verband, 'n faktor van die grootste betekenis bij die onderwijs, is *paadjie* (klein *pad*), *randjie* (klein *rand*) dus stellig verkiesliker als *baaikie*, *rainkie*. En per slot van rekening is die onderskeid tussen *dj*, *tj* en *k* tog nie groot nie, in die uitspraak van partij selfs heel gering. Die oorgang van *tj* tot *k* is 'n verskuiwing na agter van die plek van afsluiting wat die tongwelwing met die harde gehevelte vorm. Naarmate die afstand van die verskuiwing groter of kleiner is, sal die onderskeid tussen die twee klanke duideliker of minder duidelik waarneembaar wees.

Bij die vorming van verkleinwoorde moet onthou word :

(1) woorde op *-d* word geskrywe met *-djie*: *bedjie*, *randjie*, *tabberdjie*, *saadjie*;

(2) woorde op *-t* met *-tjie*: *pitjie*, *bootjie*;

(3) woorde op *f*, *g*, *k*, *p*, *s* voorafgegaan deur 'n kort beklemtoonde klinker neem *-ie* met verdubbeling van slotmedeklinker; wanneer voorafgegaan deur 'n lang klinker of tweeklank of medeklinker, net *-ie*: *stoffie*, *laggie*, *nekkie*, *kobbie*, *bossie*, *hofie*, *magie*, *sakie*, *kopie*, *rosie*, *kousie*, *bankie*, *rapsie*;

*O p m.* Die verkleining van *rib* is *ribbetjie*.

(4) woorde op *l*, *m*, *n*, *r*, *ng*, voorafgegaan deur 'n kort beklemtoonde klinker neem *-etjie* met verdubbeling van slotmedeklinker. behalwe *ng*; wanneer voorafgegaan deur 'n lang of onbeklemtoonde klinker of tweeklank, dan neem hulle *-tjie*, behalwe woorde op *m* wat *-pte* neem en woorde op *-ng* wat die *ng* tot *-nie* verander: *bolletjie*, *stemmetjie*, *pennetjie*, *karretjie*, *tongetjie*; *vooltjie*, *boompjie*, *adempjie*, *beetjie*, *masientjie*, *fafeltjie*, *duiker-tjie*, *woninkie*;

(5) woorde op 'n klinker neem *-tjie*: *touwtjie*, *laaitjie*, *koepetjie*.

*O p m.* Die verkleining van *wa*, *nôl* is *waantjie*, *nôintjie*.

§13. Bij die skrywe van vreemde woorde moet uit die aard van die saak 'n seker speelruimte gelaat word, omdat die antwoord op die vraag of 'n woord verafrikaans is of nie veelal afhang van individuele oordeel. 'n Groot skaar van vreemde woorde op gebied van weten-

skap en kuns kom meer en meer in gebruik. Vir die minder ontwikkelde sal vreemd wees wat vir die ontwikkelde heeltemaal gewoon is. Neem ons als basis die woordgebruik van 'n enigssins opgevoede gemeenskap, dan sal die verafrikaansing 'n tamelike omvang hê, soos wel sal blyk uit die „Woordelijs”. Die gebruiksfteer van vreemde woorde is aan voortdurende verandering onderhewig—iets wat samehang met opvoeding en ekonomiese toestande—sodat in die loop van tyd vanself wijsiging in spelling gebiedend sal word. 'n Mens kan die sogenaamde vreemde woorde in vier groepe verdeel :

(1) woorde met vreemde oorsprong wat heeltemaal verafrikaans is en reeds als gebruiklik meegekóm het uit Nederland of wat in Suidafrika aan ander tale ontleen is—geleende woorde dus in die eintlike sin : *famielie, stasie, nasie, predikant, kurang, lukwart, trein*;

(2) verafrikaanse woorde wat egter nog duidelik 'n vreemde voorkome het : *tradiesie, ammuniesie, kondiesie, ideaal, proses, filosofie*;

(3) enigssins verafrikaanse woorde wat meer en meer ingeburgerd raak : *teorie, metode, katechismus, idealiseer, romanties, theologies, tradisioneel*; ... ..

(4) woorde wat nog heeltemaal als vreemd gevoel word : *papyrus, boulevard, bacil, axioma, daktylus, chirurgie*.

Die grenslyjn tussen (2) en (3) is baie moeilik om te bepaal. Die oordeel daaromtrent sal wissel al na gelang van opvoeding. Ooreenkomstige Engelse woorde speel 'n groot rol. Waar twyfel bestaan oor die graad van verafrikaansing van 'n woord, is die neiging om die Afrikaanse spelling te gebruik geregvaardig. Ons skrywe b.v. *tradiesie, ambiesie* omdat hulle, veral ook onder invloed van Engels, als verafrikaans mag beskou word, terwyl die daarvan afgeleide *tradisioneel, ambisieus* stellig minder bekend is; vandaar *i* i.p.v. *ie*, tmeer daar die klinker hier nie die klemtoon het nie, (vgl. in hierdie verband „Woordelijs” bl. xvii reël 9). Die woorde *teologie, theologies* kom hoofsaaklik in geleerde kringe voor; *teorie, metode* ook wel, maar tog is die gebruiksfteer van die laaste twee uitgebreider als die van die eersgenoemde, hoewel weer beperkter als die van *ammuniesie*, ens. Die graad van verafrikaansing word glad nie in aanmerking geneem ten opsigte van woorde met *t* uitge-

spreek als *s* nie. Hier skrywe ons deurgaans *s* b.v. *intuïsie, evolusie, emosie, inspirasie, toleransie, differensieër, evolutionisties*.

Om te bepaal wanneer *c* of *s*, *x* of *ks*, ens. moet geskrywe word is geen kleinigheid nie. Hier moet die „Woordelijs” in elke afsonderlike geval geraadpleeg word.

Vreemde woorde is 'n gebied waar selfs in die V.H.S. geen konsekwensie bestaan nie, en uiteraard kan dit ook nie bestaan nie. Solang egter elke woord op 'n seker manier geskrywe word, kan verskil van opvatting insake meer of minder vreemdheid aan die eenvoudigheid van ons spelling niks maak nie.

§14. Dit is 'n verstandhouding dat geografiese eie-name en persoonsname soveel moontlik onveranderd blij. Tog word ook hier in baie gevalle afgewyk van die gebruikelike spelling, b.v. *Noorweë, Denemarke, Swede, Jerusalem*; daarenteë *Laodicea*. Bekende Bijbelse en ander persoonsname krij *s* i.p.v. *z*, b.v. *Moses, Josef, Jesus, Elisabeth, Isak* maar *Cefas, Zachëus; w* i.p.v. *v* b.v. *Dawid*.

§15. Enige opheldering verdien Spelreël 22 volgens welke 'n medeklinker verdubbel word na kort klinker met hooftoon, dus *makker*. Tot nog toe het die meeste geskrywe *bobbejaan, likkewaan* met dubbel *b* en *k* hoewel die laaste lettergreep die hooftoon het. Die „Woordelijs” stel nou voor *bobejaan, likewaan*, ens. Maar konsekwent kan so'n reël ook nie toegepas word nie. So gouw 'n mens met vreemde woorde te doen krij, voel jij die moeilikheid. Hoe sou ons ooit kan voorstel om *pessimisties, klassiek*, met enkel *s*, of *konneksie, kommissie* met enkel *n* en *m* te skrywe waar ons oog so gewend geword het aan die dubbel letterteken in Nederlands en in die Engelse vorme van dieselfde woorde? En boënop sou ons, om konsekwent te wees, moet skrywe *pessimis*, maar *pesimisties*. 'n Sodanige reël moet dus verval by vreemde woorde om redes wat in die oog spring. Maar ook in Afrikaanse woorde met of sonder vreemde uitgang moet aan die groter bezinsel wat die verband met Nederlands of tussen 'n groep van woorde wil bewaar, die voorkeur gegee word; daarom *stoffasie, skrobbering, stommiteit*; daarom *liggamelik* weëns *liggaam, maatskappij* weëns *maatskappelik*. Bij die skrywe

van woorde wat hul eie Afrikaanse pad. gegaan het en selfstandig staan soos *pikewijn*, *likewaan* hoef ons so'n verband nie te soek nie. Uit die toegeligte deurkruising van beginsel deur beginsel blijk duidelik dat spelling op 'n verstandige vergelyk berus.

§16. Die spelling moet verder rekening hou met die graad van verafrikaansing van Nederlandse woorde. Die Ndl. voorvoegsel *over-* verskijn in Afr. als *oor-* b.v. *overschrywen*, *overtuigen*, *overleg* word *oorskrywe*, *oortuie* (*oortuig*), *oorleg*. Dit gebeur konsekwent by woorde wat als heeltemaal verafrikaans aan ons klankwette aangepas is. Anders is dit met woorde wat in jonger tydperk, veral onder invloed van die boek, aan Nederlands ontleen of opnuut aangepas is. Salke woorde lewe hoofsaaklik in die mond van ontwikkelde en, in beperkte omvang, in die skryftaal. Vandaar *owerheid*, *owergang*, *owerlewering*, *owerheersing*, *owergawe* naas *oorheid*, *oorgang*, *oorlewering*, *oorheersing*, *oorgawe*. Daarenteë is *owerspel* 'n suiwer boekwoord wat selde, indien ooit, verafrikaans word. Hoe meer geleerd die woord, hoe wijer die gebruiksfteer van die vorm met *ower-*, wat ook geldig is van al die in hierdie paragraaf behandelde gevalle.

Naas die algemene voorvoegsel *ver-* tree 'n minder gebruiklike *voor-* op: *vooral*, *voornaam*, *voornaamlik*, *voorsigtig* 1); ook met verskil in betekenis b.v. *versien* ('n huis *versien* d.i. buite om wit, skoonmaak) en *voorsien* (*in 'n behoefte*). 2)

Ndl. *boven* verskijn in Afr. als (a) *bo* (*bw.* en *voors.*), ook in samestellinge: *bodeur*, *bo-op*, *bo-ent*, *bo-kant*, *Bo-land*, (b) *boën-*, *boon-* in *boënob*, *boonste*, *boon-toe*, (c) *bowe(n)* in geleerde woorde: *bowemenslik*, *bowenatuurlik*, *bowenaards*, *bowendien*. In verhewe stijf

1) Die uitspraak wijs duidelik aan wanneer die Afr. woord met *voor* alleen kan samegestel wees. (Kijk „Woordelijs”, bl. 182 vlgg.).

2) 'n Ander sprekende voorbeeld van verskil in betekenis samehangend met grade van verafrikaansing is *toer*, *toor*. In *iemand toor* beteken dit *beneks*, vgl. *toorgoed*, *toordokter*, terwyl *toer* gebruik word (1) oordragte-ik-sinnelik: *iets voor iemand se oë toer*, met die penseel *toer*, *toerlantern*, (2) oordragtelik-abstrak: *deur haar innemendheid betower*.

word *Bowe* gebruik vir *Hemel*: na *Bzwe*. Onnodig is *bowe verwagting*, ens. Dis vanselfsprekend dat ook *bonatuurlik*, ens. mag geskrywe word deur wie dit inderdaad so uitspreek. Die spelling sal in elke besonder geval met die uitspraak te rade moet gaan.

Die klank *g* tussen twee klinkers of tweeklank en klinker waarvan die voorafgaande beklemtoond is, val weg in goeie Afrikaanse woorde: *ei*, *opdraend*, *molik*. Waar die *g* in hierdie posiesie bewaar is, het ons te doen met boekwoorde wat in later tijd in die spreektaal oorgegaan het: *vertraging*, *ondragelik*, *oortuiging* naas *oortuiging* (Bolands), *mogelik*, *beloging*, *verkrijging*, *bespiegeling* naas *spieël*, *belegering* naas *beleëring*, *begogeling* naas *gool*, *gogelarij* naas *golerij*, *godlogenaar* naas *godloënaar*, *eigenlik* naas *eintlik*, *onteigening* naas *ont-eiening*, ens. Nie van almaal kan dit met sekerheid beweerd word nie. Woorde als *oortuiging*, *vertraging* kan ook nuwvorminge wees van werkwoordelike vorme op -g.

Jong is woorde met *door*: *doorskijnend* naas *deurskijnend*, *doorgaans* naas *deurgaans*. 1)

Die Afr. vorme van Ndl. *nieuw*, *nieuwe*, *nieuws* is *nuwt*, *nuwe*, *nuws*. Daarom *nuwsblad*, *Nuwejaar*, *opnuwt* maar *nieuwmodies* (jong ontlening).

§17. Dit is dikwels moeilik om te weet of 'n samestelling met of sonder *s*, *e* moet geskrywe word. Hier is die uitspraak weer die enigste gids; daarom *handearbeid* maar *handsaag*, *mensevrees* maar *mensvrees*, *pottebank* maar *potlepel*, *ribbebeen* maar *ribstuk*, *briewesak* maar *brieskaart*, *erdebot* maar *erdwurm*, *miershoop* maar *miernes*, *ambagsman* maar *ambgenoot*, *badshuis* maar *badkom*, *tijdsorde* maar *tijdvak*, *molshoop* maar *molwa*, *olifantjagter* maar *olifantstand*. *hongersnood*, *watersnood* maar *honger dood*.

Gevalle van onvaste gebruik kom voor: *maansverandering* of *maanverandering*, *sonsverduistering* of *sonverduistering*, *verjaarsdag* of *verjaardag*, *hereboontjie* of *heerboontjie*, *duiweeier* of *duifeier*.

§18. Waar *d*, *t* volgens ons klankwette wegval op die end van 'n woord maar in afleidinge en samestellinge

1) Die woorde met *deur-* is hier hoogs waarskynlik sekondaire verafrikaanste vorme.

gehoord word, word hulle geskrijwe. Dit is hoofsaaklik die geval bij afleidinge op *-heid*: *begaaf*, *begaafdheid*; *bedroef*, *bedroefdheid*; *vergenoeg*, *vergenoegdheid*; *beleef*, *beleefdheid*; *besadig*, *besadigdheid*; *besorg*, *besorgdheid*; *gemaak*, *gemaaktheid*; *opreg*, *opregtheid*; *beslis*, *beslistheid*.

Met of sonder *t* kom die geleerde woord *takvol*, *taktvol* voor.

§19. Die „Woordelijs” gee ’n tamelik volledige beeld van samestellinge met *teë-*, *teen-* wat ’n nouwkeurige studie vereis (kijk aldaar bl. 155 vlg.)

§20. Die lettertekens *ei* en *ij*, hoewel dieselfde klanke voorstellend, word om historiese redes deur ons behou. Om moontlike foute te voorkom word hier ’n aantal gevalle vermeld: *bijt*, *beitel*; *wei* (die vee —), *uilwei* (oor ’n saak —), *wij* (die man — hom aan sijn werk); *lei* (voortouw neem), *leier*, *lij* (pijn —), *lijder*; *steil* (regaf), *stijl* (van ’n skrijwer); *peil* (maatstaf), *pijl* (om mee te skiet); *obveil*, *feilbaar*, *veil* (vloerē was), *vijl* (instrument); *reis* (tog), *rijs* (kos: opgaan); *rei* (koor), *rij* (reeks: te perd —); *stijg* (opgaan), *steier* (agteroor —: stellasie); *deins* (in terugdeins), *dijnsereg*; *keil* (hoed) *keilskrif*; *reier* (voël), *rijer* (in agterrijer); *eikeboom*, *geijkte*; *sei-dissel*; *bleik* (op — gooi), *blijk* (ww.: bewijs); *feit* (daadsaak), *fijt* (ontsteking).

## SAMESTELLINGE.

§21. Wie nouwkeurig wil skrijwe sal gedurig vraagstukke teëkom in verband met samegestelde woorde. En in ’n hoofstuk oor Afr. spelling eis hulle ’n besonder plek, omdat ons taal so verbasend veel lewenskrag besit om woorde tot ’n eenheidsbegrip saam te binde, ’n uit taalekonomiese oogpunt beskouw voordelige eienskap wat ook in Nederlands en Duits sterk op die voorgrond tree. Dit is besonder hinderlik om woorde geskeie geskrijwe te sien waarvan die skrifbeeld ’n eenheid moet wees. Die koppelteken word daarenteë ook veels te veel gebruik. Af te keur is *winter son*, *vije konfijt*, *geelhout bos*, *Staats-inmenging*, *Sabbats-ontheiliging*, *gewetens-vrijheid*, *volks-deug*, ens. ’n manier van skrijwe wat erg in die mode is.

Waar meer als een begrip tot ’n nouwer eenheid ver-

bind word, moet die woorde aanmekaar geskrywe word : *vijekonfijt, gewetensvrijheid*. Natuurlik is dit 'n algemene stelling die toepassing waarvan afhankelik is van persoonlike taalgevoel.

Waar tussen die dele van 'n samestelling die verbindingsklanke *s, e* aanwesig is, skrywe 'n mens aaneen : *Sabbatsontheiliging, Universiteitskollege, opleidingsinrigting, naturellebevolking, menselewe, vrouwevereniging, plantewêreld, blindeskool, vraeboekie*.

Bij baie samegestelde uitdr. wat deur veelvuldige gebruik tot 'n vaste eenheid saamgegroeï het, sal 'n mens voel dat aaneenskrywe gewens is, b.v. : *agdaegeneesbosse, kanniedood, kannieandersheid* (dis van —), *priesterheerskappij, suikerbossiestroop, maanhaarjakhals, waaierstertmierkat, warmwaterbottel, noordnoordoos, wessuidwes, wintersaffraanpeer, oudenbeer, gallamsiekte*, ens. Bij sulke samestellinge kom dit daar glad nie op aan uit watter woordsoorte die verbinding opgebou is nie; selfs 'n bnw. en snw. kan aaneengeskrywe word, b.v. : *kouwater, kleingeld, blowwitriool, hoëbriester, hoëskool*. In die laaste twee uitdr. is die eenheid so sterk, dat die aksent al verskuif het van die bnw. tot die snw. Alleen, die aard van die samestelling kan selfs hier ook 'n koppelteken vereis, b.v. : *wins-en-verliesrekening, heen-en-weer-loperij*.

Aaneen word geskrywe geografiese name bestaande uit eienaam en soortnaam b.v. : *Oranjerivier, Kameelfontein, Kommandonek, Montagupas*.

*O p m.* *Hexrivierpas* (met twee soortname) word gewoonlik met drie los woorde geskrywe, wat af te keur is. Hier kon 'n mens moontlik ook *Hexrivier-Pas* skrywe.

Aaneen word geskrywe samegestelde ww. : *bijeenroeb, verbijgaan* maar *bijeen te roeb, verbij te gaan*; verder *doodskiet, mooipraat, inagneem*, ens.

Gewoonlik word 'n koppelteken gebruik :

(1) waar die eerste deel, samegesteld of enkelwoord, met die volgende woord of woordverbinding nog nie 'n stereotiepe eenheid vorm nie : *seekus-kafferstam, skooldae-herinneringe, genitief-bebaling*;

(2) bij minder voorkomende samestellinge bestaande uit eienaam en snw. : *Moskou-ekspedisie, Duitswesveldtog, Stockholm-konferensie, Chicago-tentoonstelling*.

*Burgersdorp-verkiesing, Freemantle-rabbort, Merriman-belasting, Milner-bolities, Haeckel-idee, Hertzog-Fonds-Wedstrijd.* Bij veelvuldige gebruik kan die koppelteken onderdruk word: *Bothare-ering, Judasgesis, Natalkaffers;*

(3) bij opeenhoping van klinkers in die middel van die verbinding waardeur die oof bij die lees kan gehinder word: *blinde-instituut, visiete-uur, warmte-eenheid, see-eend, wa-as;*

(4) bij 'n sin of sindeel tot vaste eenheid gegroei: *wag-'n-bietjie, ouwrouw-onder-die-kombers;*

(5) bij samestelling van selfstandige ww.: *fluit-sus, draf-stap;*

(6) bij redupliserende formasies: *gouw-gouw, kortkorft, fluit-fluit, skelm-skelm, blouw-bloww;*

(7) bij samestelling van bw. en bnw. (bw.): *voorvaderlik-menslike (gewoonte), innig-ontroerd;*

*O p m.* Die gebruik ten opsigte hiervan is onvas.

(8) bij samegestelde tities: *luitenant-kolonel, kommandant-generaal, assistent-sekretaris.*

Mocilik is dit om vas te stel wanneer die genitiesafleiding *se* met die woord vasgegroeï is. 'n Mens sal wel verplig wees om te skrywe *outijde (outijse)*, daarenteë liewer *slawetijd se dae;* vgl. bl. 56. Opm.

Als 'n praktiese maatreël kan 'n mens aan die hand gee dat die skrywer in twijfelagtige gevalle liewer aan een moet skrywe of ook met 'n koppelteken, want daar word veel meer foute gemaak deur te skeie als andersins.

## HOOFLETTERS.

§22. Met die oog op die opvallende onvastheid in die gebruik van die hoofletter is dit wenselik om ook op dié sif van die spellingkwessie enige lig te werp.

Met hoofletters word geskrywe:

(a) geografiese eiename, persoons- en volksname, en afleidings en samestellinge daarvan: *Arabië, Parijs, Parijsenaar, Amsterdams, Bismarck, Bismarckiaans, Na-*

*poleonties, Afrikaner, Afrikaans, Afrikanervolk, Spanjaard, Hollandssprekend.*

*O p m.* 1. Bijvoeglike naamwoorde van sodanige selfstandige naamwoorde afgelei skrywe ons dus deurgaans met hoofletter, in afwijking van die V.H.S. wat aan die klein letter die voorkeur gee, hoewel ook hier die hoofletter dikwels gebruik word. Dus *Engelse taal, Afrikaanse volk, Nederlandse dialek.*

*O p m.* 2. Dit is nodig om daarop te let dat ons skrywe *Afrikaans, Europees, Holland* maar *onafrikaans, Weseuropes, Noordholland*; daarenteë *anti-Afrikaans.*

*O p m.* 3. Samestellinge lewer dikwels moeilikhede op. Waar nie meer gedink word aan die herkoms (plaas, persoon) nie, en die woord 'n algemene begrip aandui, dus bloot kwalifiserend is, skrywe ons 'n klein letter: *Afrikanerkring* d.i. kring van Afrikaners, maar *afrikaneros, afrikanerbul, Hottentotgewoonte* maar *hottentotsvijs; Kaffertaal* maar *kafferboom, kafferkoning*; verder *portnatalpatats, saksiesblouw, montagudop.*

(b) name van godsdienste, kerkgenootskappe, godsdienstige sektes, vereniginge, partije, rigtinge of beweginge, en afleidinge en samestellinge daarvan: *Buddhisme, Mohamedanisme, Katholiek, Piëtisties, Calvinisties, Kapusijnermonnik, Presbyteriaans, Strewersvereniging, Afrikaanse Verbond, Unionis, Pragmatis, Sosialisme, Renaissance, Romantiek, Nihilis.*

*O p m.* Dis 'n gebied hierdie waar 'n grote mate van vryheid moet gelaat word. In die „Woordelijs” staan *Renaissance, Romantiek* maar *realisme.* Word met hierdie en daarvan afgeleide woorde 'n besonder kunsbeweging bedoel dan is die hoofletter gewens. Word hulle egter in 'n algemene betekenis gebruik, dan is die hoofletter onnodig, b.v.: *die romantiek van die situasie; 'n romantiese omgewing; hij het die saak so realisties voorgestel. Katholiek* (bnw.; snw.) het dikwels 'n klein letter, misskien wel weëns veelvuldige gebruik. Die hoofletter is aan te beveel.

(c) name van openbare liggame, instellinge, gebouwe: *Volksraad, Senaat, Provinsiale Raad, Mediese Raad, Hooggeregshof, Departement van Mynwese, Unie-Gebouwe, Carlton Hotel.*

(d) name van die Godheid, en samestellinge daar-

van: *God, Heiland, Kristus, Almagtige, Eeuwige, Alomteenwoordige, Oneindige, Opberwese, Godsrijk.*

*O p m.* 1. Afleidinge van *God* gewoonlik met klein letter: *goddelik godsalig.* Omdat *kristen, kristelik* so dikwels gebruik word en in so algemene betekenis, krij hulle gewoonlik 'n klein letter. Maar selfs hier kom hoofletter voor. Dit is 'n kwessie van smaak.

*O p m.* 2. Voornaamwoorde gebruik in betrekking tot *God* krij hoofletter.

(e) name van boeke, tydskrifte, koerante: „*Donkere Wolke*”, „*Boer en Barbaar*”, *Talmud, Koran, Bijbel, Gesang- en Psalmboek, „Ons Land”, „Volksblad”, „Die Brandwag”.*

*O p m.* 1. Benaminge vir *Bijbel* soos *Boek, Skrif*, sal eerbiedshalwe altyd hoofletter hê, terwyl *Bijbel* self weens gebruiklikheid maklik klein letter sal hê. Persoonlike smaak sal hier beslis.

(i) títels, als sodanig gebruik: *Weledele Heer, Wel-eerwaarde Heer, Baron X., Prins Leopold, Koningin Wilhelmina, Koning Eduard VII, Kommandant-generaal Andries Pretorius, Kommandant Kritzinger, Goeverneur Tulbagh, President Krüger.*

*O p m.* 1. Als sodanige woorde als soortname diens doen, dan 'n klein letter: *'n goeie koning; die pligte van 'n kommandant.* Word egter 'n bepaalde persoon bedoel, dan hoofletter: *die Koning het 'n bevel uitgevaardig; die Veldkornet laat weet, julle kan huistoe gaan.* Die verband sal in elke besonder geval aantoon, hoe geskrywe moet word. Maar dit is 'n terrein waar selfs die beste skrywers nie konsekwent blij nie.

*O p m.* 2. Hier maag terloops 'n ander punt aangeraak word wat ook so half-en-half onder títels val. Dit is aanspreek-vorme soos *Oom, Tante, Neef, Nig, Niggie, Pa, Ma,* ens. Die hoofletter is nodig wanneer die woorde als suiwer aanspreek-middel gebruik word: *Het Pa mij geroep? Als Oom wil, kan ons gaan. Ja, Tante. Hoe gaat dit, Neef?* Wanneer sodanige woorde daarenteë 'n derde persoon aandui of als soortnaam fungeer, is dit wenselik om klein letter te gebruik: *Het jouw pa al gekom? Ons het gister bij oom Niklaas en tant Miemie gekuier. Die man het pa geword. Dit is mijn oom.* In 'n sin als *Oom, pa* laat *vra of Oom* nie *pa* se saag kan terugstuur nie, sou

sommige geneig wees om *pa* met hoofletter te skrywe weëns gevoel van eerbied wat die kind teenoor sijn vader verondersteld is om te koester. Maar dit is oorbodig.

(g) name van maande, week- en feesdae: *Januarie, Julie, Maandag, Saterdag, Pinkster, Hemelvaartsdag, Dingaansdag, Uniedag*; en afleidinge daarvan: *Maandagse, Saterdagse*.

(h) bijvoeglike naamwoorde als selfstandige naamwoorde gebruik wat 'n besonder persoon of persone aandui: *Dit is uit die Bose; die vertaling van die Sewentige*.

(i) die eerste woord van 'n sin, behalwe waar die woord die onbepaalde lidwoord is; dikwels ook die eerste woord van 'n sin na 'n dubbelpunt: *'n Groot werk lê nog voor. Die gesegde is maar al te waar: Wat jij saai, sal jij ook maai*.

*Op m.* In die poësie was dit vroeër deurgaans gebruik om elke eerste woord van 'n nuwe versreël met hoofletter te skrywe. Maar teenswoordig dring die gebruik van die hoofletter in prosa ook deur in die poësie; vergelyk die Afrikaanse gedigbundsels.

(j) begrippe wat verpersoonlik word: *Die Poësie is 'n godin wat verhewe troon, omring deur haar dienaars, Gevoel en Verbeelding*.

(k) enige woord waarop die skrywer besonder nadruk wil lê of wat in sijn oordeel 'n onderskeiding verdien.

---

## GESLAG.

---

§23. In ons taal word die seksuele geslag onderskei deur (1) aparte woorde b.v. : *man, vrouw; oom, tante; neef, nig (niggie); vader, moeder; ba, ma; ouba, ouma; seun, dogter; broer, suster; jongetjie, meisie; jong, meid; reunhond, teef; hings, merrie; bul, koei (vers); ram, ooi; beer, sog; haan, hen, ens.*

(2) agtervoegsels (-ster, -es, -in, -e) : *skryfster, onderwijsers, koninoin, eegenote;*

(3) gebruikmaking van *mannetjie* en *wiffie* by diere : *mannetjievolsuis, wiffievolsuis; mannetjie-eend, wiffie-eend; tierwiffie; makoumannetjie.*

(4) pers. en bes. voornaamwoorde wat die begrippe aandai : *hij, sij; hom, haar; se, haar; sijne, hare* (kijk hieroor §§70, 85, 88, 89).

Gelukkig ken ons taal nie die lastige onderskeiding van woordgeslag wat die aanleer van Nederlands, Frans en Duits so moeilik maak en ook die gebore landsman so baie hoofbrekings gee nie. Ons staan hier op een lijn met Engels deurdat ons net een vorm van die bepaalde lidwoord ken n.l. *die*. Vgl. §25.

*O p m.* 'n Oorblijfsel van Ndl. *de* hoor 'n mens af en toe in kraguitdrukkinge : *Wie de duiwel het dit gedoen?* 'n Oorblijfsel van Ndl. *het* kom voor in *aan 't ploë, aan 't pars, ens.* en in *als 't ware, tensij, om 't ewe.*

---